higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

(11011044)

12 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 11 bladsye.

110Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Die toerismebedryf word grootliks deur wetgewing gereël en beheer. 'n Aantal spesialisverenigings tree ook as beheerliggame op.

Beskryf die impak van die volgende verenigings op die groothandel-reisbedryf.

1.1.1 Suid-Afrikaanse Vereniging van Geregistreerde Toergidse (1 × 2)

1.1.2 Suid-Afrikaanse Toerismedienstevereniging (1 × 2)

1.1.3 Toerismebesigheidsraad van Suid-Afrika (1 × 2)

1.1.4 Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagente (1 × 2)

1.1.5 Besigheidstrust (2 × 1) (10)

1.2 Mev Phasha besoek haar kleinkinders in Doebai. Dit is haar eerste vlug in 'n vliegtuig.

Adviseer haar oor TIEN items wat sy aan boord mag neem. (10)

1.3 Sodra mev Phasha in die vliegtuig is, sal sy begelei word na die sitpleknommer wat op haar instapkaart aangedui is.

Noem en verduidelik die DRIE verskillende tipes sitplekke wat op haar instapkaart aangedui kan word. (3 + 3) (6)

Kopiereg voorbehou

1.4 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:



Suikerbos Natuurreservaat is geleë 145 km van Johannesburg en 25 km suidoos van Potchefstroom in die wêreldberoemde geologiese en geskiedkundige Vredefortkoepel, wat tot 'n Wêrelderfenisterrein verklaar is. Die gebied is bergagtig, interessant en skilderagtig en die oord is in 'n vreedsame omgewing weg van openbare paaie en woongebiede. 'n Mens kan stap, swem, bergfiets ry of net in hierdie ongerepte heuwelagtige landskap ontspan.

Die oord is in 'n klein wildkamp en bevat impala, tarentale, hase, apies en 'n groot verskeidenheid voëls, met nie minder nie as 32 inheemse boomspesies wat met naamplaatjies gemerk is. Hoewel dit 'n misdaadvrye gebied is, is dit beveilig met 'n wildheining van 4 km.

[Vertaal uit: *www.suikerbos.co.za*]

1.4.1 Verduidelik kortliks waarom kliënte wat aan avontuuraktiwiteite deelneem 'n vrywaringsvorm moet onderteken. (2)

1.4.2 Suikerbos Natuurreservaat het 'n stel veiligheidsreëls wat duidelik sigbaar vir hul kliënte is.

Adviseer mnr Nkosi oor die veiligheidsreëls wat hy in elk van die onderstaande scenario's moet volg:

(a) Mnr Nkosi het 2 kg rou vleis, toegedraai in plastiek, saamgebring om met die ape te deel wat dalk honger sal wees.

(b) Hy het daarna sy motor se toeter gedruk om die ape te roep om die vleis te kom haal. (1 × 2)

(c) Nadat hy die vleis oopgemaak het, het hy die plastiek in die bos gegooi. (1 × 2)

(d) Toe hy sien dat die ape nie op die toeter reageer nie, het hy 60 km per uur gery en hulle gejaag. (1 × 2)

(e) Daarna het hy sy vuurwapen uitgehaal en een van hulle geskiet. (1 × 2) (10)

1.4.3 Noem TWEE avontuuraktiwiteite wat mnr Nkosi by Suikerbos Natuurreservaat kan geniet. (2)

[40]

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

DIE VERENIGDE KONINKRYK HET 'N REISWAARSKUWING VIR SY BURGERS UITGEREIK NÁ 'N VLAAG GEWELDDADIGE BETOGINGS IN DIE STAD KAAPSTAD

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxivereniging in Kaapstad het 'n staking aangekondig wat pendelaars gestrand gelaat en chaos op die paaie veroorsaak het.



[Foto: Ayanda Ndamane/African News Agency (ANA)]

Die Verenigde Koninkryk (VK) het 'n reiswaarskuwing uitgereik vir sy burgers wat beplan om Kaapstad te besoek. Dit waarsku toeriste oor die huidige taxigeweld en stakingsoptrede wat besoekers se veiligheid in die gedrang kan bring. Aangesien die VK een van die grootste toerismemarkte is, is hierdie reiswaarskuwing besonder kommerwekkend.

[Vertaal uit: *www.iol.co.za*]

2.1 2.1.1 Verduidelik aan burgers van die VK waarom 'n reisprogram as 'n wetlik bindende kontrak beskou word. (2 × 2) (4)

2.1.2 Identifiseer AGT faktore wat tot kansellasie of verandering aan 'n reisprogram kan lei. (8)

2.1.3 Versuim om ten minste 'n minimum diens wat verkoop is, te lewer, kan tot teleurstelling onder kliënte lei.

Verduidelik hoe kliënte waarskynlik sal reageer indien daar nie aan hul verwagtinge voldoen word nie. (5 × 2) (10)

2.1.4 Sodra die kliënt vir 'n toer betaal het, moet die diensverskaffer sekere verpligtinge nakom.

Beskryf kortliks die verpligtinge wat die diensverskaffer teenoor 'n kliënt het wat vir 'n toer betaal het. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.2 Veranderinge in lughaweprosedures word soms vereis. Bespreek kortliks wat in die volgende onverwagte situasies gedoen moet word:

2.2.1 Weersveranderinge (2 × 2)

2.2.2 Eksterne bedreigings (2 × 2)

2.2.3 Tegniese probleme (2 × 2) (12)
[40]

VRAAG 3

3.1 Verskillende lande het verskillende regulasies rakende goedere wat verklaar moet word.

Adviseer die kliënt oor goedere wat in Suid-Afrika 'Verbode' of 'Nie verbode' is nie deur slegs 'Verbode' of 'Nie verbode nie' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Sigarette wat meer as 2 kg per 1 000 sigarette weeg

3.1.2 Geblikte of hermeties verpakte varkvleis wat meer as 10 kg weeg

3.1.3 Bedreigde fauna en flora

3.1.4 Ten volle outomatiese militêre en ongenommerde wapens

3.1.5 Vuurwerk en plofstowwe

3.1.6 Sekere plantprodukte

3.1.7 Diere en voëls

3.1.8 Gifstowwe en ander toksiese middels

3.1.9 Narkotika en gewoontevormende dwelmmiddels van enige aard en in enige vorm

3.1.10 Sekere medisyne (10 × 1) (10)

3.2 Passasiers wat op internasionale vlugte aankom, moet by doeane 'n roete kies om te volg nadat hulle hul bagasie afgehaal het.

Beveel VIER redes aan om die groen roete te kies en VIER redes om die rooi roete te kies. (4 + 4) (8)

3.3 Wanneer ’n bespreking bevestig word, behoort die lugrederye ingelig te word of die passasier bystand sal benodig of nie.

Dui aan of die lugredery oor die volgende situasies ingelig behoort te word deur slegs ‘Lig lugredery in’ of ‘Moenie lugredery inlig nie’ langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.3.1 Passasier benodig spesiale medikasie met voorskrif.

3.3.2 Sestienjarige jeugdige reis alleen om sy vader in ’n ander land te besoek.

3.3.3 Passasier is 14 weke swanger.

3.3.4 Passasier reis met ’n dier wat ’n diens lewer.

3.3.5 Agtjarige kind reis sonder ’n versorger.

3.3.6 Passasier het geen spesiale dieetkundige vereistes wat maaltye betref nie.

3.3.7 Passasier benodig babasitplek aan boord.

3.3.8 Passasier dra bagasie met maksimum gewigstoelating.

3.3.9 Passasier benodig ’n rolstoel.

3.3.10 Passasier sal baba op sy/haar skoot vashou. (10 × 1) (10)

3.4 Vergelyk die inkomende- en uitgaande toeroperateur deur hul rolle en funksie te beskryf. (2 × 2) (4)

3.5 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.5.1 Wanneer twee soortgelyke ondernemings kragte saamsnoer om aan kliënte beter aanbiedings te gee, is dit ’n voorbeeld van (vertikale/horisontale) integrasie. (1)

3.5.2 ’n (Groothandelaar/Kleinhandelaar) stel ’n toerpakket saam, wat daarna deur ’n reisagent verkoop word. (1)

Kopiereg voorbehou

3.6 Kies die rolle in 'n tipiese groothandelreisorganisasie in KOLOM A om by die personeellid in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A−F) langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.6.1	Hanteer alle betalings en boekhouding om seker te maak dat die maatskappy finansieel gesond is	A	bestuurder
3.6.2	Staan reisigers op begeleide toere by en verstrek inligting oor besienswaardighede en bestemmings wat tydens die toer besoek word	B	verkoopsverteenwoordiger
3.6.3	Hulle is in beheer van die maatskappy en is betrokke by doelwitstelling, langtermynbeplanning, die aanstel van personeel en hantering van kliëntprobleme.	C	toerbeplanner
3.6.4	Hulle beplan toerpakkette, doen navorsing oor nuwe plekke om te besoek en nuwe dinge om te sien	D	toergids
3.6.5	Verantwoordelik vir algemene administratiewe take soos om oproepe te beantwoord, fotokopiëring en liassering	E	finansiële beampte
3.6.6	Verantwoordelik vir verkoop van pakkettoere aan reisagente en ander relevante kleinhandelaars	F	administratiewe assistent

(6 × 1) (6)
[40]

VRAAG 4

4.1 Langafstandbestuurders raak dikwels moeg, wat tot padongelukke kan lei.

Gee SES faktore wat tot moegheid bydra. (6)

4.2 Gee VIER wenke aan langafstandbestuurders om moegheid te verhoed. (4)

4.3 Volgens die kliëntbeskermingsraamwerk moet elke kliënt beskerm word.

Spesifiseer watter maatreëls beskikbaar is om verbruikers se regte te beskerm. (7 × 1) (7)

4.4 Verduidelik kortliks waarom internasionale toeriste ’n visum benodig om Suid-Afrika binne te kom. (2 × 2) (4)

4.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.5.1 ’n Kode 08-lisensie word vereis om ’n swaarvoertuig te bestuur.

4.5.2 Die snelheidsgrens in beboude gebiede is 12 km per uur.

4.5.3 Bestuurders wat passasiers vir kommersiële doeleindes vervoer, moet ook in besit van ’n openbare bestuurspermit wees.

4.5.4 In Suid-Afrika ry ons aan die regterkant van die pad.

4.5.5 Voertuie moet nie met passasiers of goedere oorlaai word nie.

4.5.6 Buitelandse bestuurders mag met ’n lisensie bestuur wat in hul eie land uitgereik is.

4.5.7 Dit is wettig in Suid-Afrika om teksboodskappe te stuur terwyl jy bestuur.

4.5.8 Enige persoon wat op Suid-Afrikaanse paaie bestuur, moet in besit van ’n geldige bestuurderslisensie wees.

4.5.9 Dronkbestuur is ’n strafbare oortreding in Suid-Afrika.

4.5.10 Voldiensagentskappe bied sowel korporatiewe as ontspanningsdienste aan.

(10 × 1) (10)

4.6 Wettige paspoorte word slegs deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik. Die aansoek moet deur ’n kommissaris van ede onderteken word en ’n volledige stel vingerafdrukke sal geneem word.

Noem SES aspekte wat ’n persoon kan help om te bepaal of ’n paspoort vervals is. (6)

4.7 Definieer ’n *deurgangsvisum* en noem die belangrikste doel daarvan. (2 + 1) (3)

[40]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Rugbywêreldbeker 2023 se nalatenskap is harmonie, groei en volhoubare verantwoordelikheid



Rugbywêreldbeker 2023 word afgesluit met Suid-Afrika wat die Webb Ellis-trofee vir die vierde keer omhoog lig en 'n skouspelagtige finale aanbieding by die Stade de France.
Wêreldrugbyvoorsitter, Sir Bill Beaumont, loof Frankryk as die beste gasheer, wat die wêreld geïnspireer het om op die ovaal bal verlief te raak.
Toernooi oortref verwagtinge wat betrokkenheid en bywoning betref.

[Vertaal uit: *www.rugbyworldcup.com*]

5.1.1 Identifiseer die tipe geleentheid wat vanaf 8 September 2023 in Frankryk aangebied is. (2)

5.1.2 Verduidelik kortliks hoe Frankryk daaruit voordeel sal trek om hierdie tipe geleentheid aan te bied. (6 × 1) (6)

5.1.3 Noem VIER kriteria wat geleentheidsorganiseerders kan gebruik om die sukses van die geleentheid te meet. (4)

5.1.4 Die kliënt is gewoonlik tevrede met die organiseerders van die geleentheid as hulle voel dat daar aan hul gehaltevereistes voldoen is.

Noem VYF gehaltevereistes wat die organiseerders van die geleentheid waarna in VRAAG 5.1.1 verwys is, in gedagte moet hou om die sukses daarvan te verseker. (5)

Kopiereg voorbehou

5.2 Die geleentheidsbedryf is groot en bestaan uit verskillende tipes geleenthede.

Beveel die teikenmark en doel van elk van die geleenthede hier onder aan deur die teikenmark en doel langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.14) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

TIPE GELEENTHEID	TEIKENMARK	DOEL
Vergaderings en konferensies	5.2.1	5.2.2
Sosiale lewensiklusgeleentheid	5.2.3	5.2.4
Sportgeleentheid	5.2.5	5.2.6
Toerismegeleentheid	5.2.7	5.2.8
Kleinhandelgeleentheid	5.2.9	5.2.10
Geleentheid met internasionale aansien	5.2.11	5.2.12
Gasvryheidsgeleentheid	5.2.13	5.2.14

(14)

5.3 **'SOOS 'N BLAASVLAM': MEDITERREENSE STREEK BRAND NADAT VLAMME OOR NEGE LANDE VERSPREI**



Veldbrande het op Dinsdag in minstens nege lande in die Middellandse See-streek gewoed nadat vlamme na Kroasië, Italië en Portugal versprei het, met duisende brandbestryders in Europa en Noord-Afrika wat onverpoosd probeer om vlamme te bedwing wat deur hoë temperature, droë toestande en sterk winde aangehelp word.

Die winde in Kroasië was so sterk dat die brandbestrydingsvliegtuie nie kon opstyg nie. Brandbestryders het laat op Dinsdag brande bestry wat net suid van die Adriatiese stad Dubrovnik, 'n toerismebestemming, gewoed het.

[Vertaal uit: *www.theguardian.com*]

5.3.1 Identifiseer die insident wat in die foto hier bo uitgebeeld word en dui aan of dit mensgemaak of natuurlik is. (2 + 2) (4)

5.3.2 Behalwe die insident wat in VRAAG 5.3.1 genoem word, noem VYF ander voorvalle wat as natuurrampe geklassifiseer kan word. (5)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou